



03 Julie 2019

WEEKLIKSE

# PITKOS

PITKOS

# INHOUD



## Weer

Weervoorsigte vir die VSA, Brasilië en Argentinië



## Pariteite

Invoer en uitvoer pariteite van geelmielies



## Internasionale landbou

- VSA aanplantings vordering vir sojabone en mielies
- VSA graankondisies en opkomsverslag



## Lokale landbou

- Weeklikse progressiewe produsente lewerings
- In-en uitvoere van mielies



## Wisselkoers

Oorsig oor die beweging tussen die ZAR en VSA dollar



## Prys risiko bestuur

Lang 'put' opsie




## Tien dae weervoorsig: Noord-Amerika

Nat omstandighede kan weereens binne die volgende 10-dae in die oostelike dele van Amerika verwag word.


INTERNASIONALE

# WEER




## Tien dae weervoorsig: Suid-Amerika

Die weervoorspelling dui aan dat beide Brasilië asook Argentinië droë omstandighede kan verwag in die volgende 10-dae.



# PARITEITE



	Jul-19	Des 19	Mar-20	Jul-20
Invoer pariteit PMB	R3 180	R3 252	R3 298	R3 355
Invoer pariteit Kaap	R2 739	R2 967	R2 903	R2 968
SAFEX geelmielies	R2 775	R2 896	R2 878	R2 681
Uitvoer pariteit	R2 422	R2 427	R2 450	R2 431





## VSA kondisies en opkomsverslag - Mielies & Sojabone

### Mielies

#### Opkoms

94% - 2019, 100% - 5-jaar gemiddeld

#### Kondisies (Goed/Uitstekend)

56% - 2019, 57% - verwagtinge, 76% - 2018

### Sojabone

#### Geplant

92% - 2019, 100% - 5-jaar gemiddeld

#### Opkoms

83% - 2019, 95 - 5-jaar gemiddeld


#### Kondisies(Goed/Uitstekend)

54% - 2019, 56% - verwagtinge, 71% - 2018




## 28 Junie'19 USDA verslag

### Mielie aanplantings in miljoen akkers



### Sojaboon aanplantings in miljoen akkers





Produsente lewerings soos op 28 Junie

## Mielies

### Huidige jaar:

Witmielies = 1 259 493 t  
Geelmielies = 2 846 247 t

### Vorige jaar:

Witmielies = 1 655 206 t  
Geelmielies = 2 594 980 t

## Sojabone

### Huidige jaar:

= 1 079 791 t

### Vorige jaar:

= 1 502 976 t

## Sonneblomsaad

### Huidige jaar:

= 388 918t

### Vorige jaar:

= 863 184 t




## Witmielies

- Uitvoere = 94 646t
- Invoere = 0 t

## Geelmieles

- Uitvoere = 46 283 t
- Invoere = 66 308 t





## USDZAR CHART



Die Suid-Afrikaanse Rand het gister tydens die SAFEX handelsure swakker verhandel teenoor die VSA dollar. Die rand het tussen R14.15 en R14.10 gehandel.

Die swakker rand het lokale markpryse ondersteun en verliese op sojabone beperk, en geelmielies positief laat afsluit.

Tydens saamstel van die verslag het die rand geapressieër en teen R14.06 gehandel teenoor die VSA dollar. Indien die rand die tendens volhou sal dit druk op pariteitspryse plaas en sodoende die SAFEX graanmark pryse afdruk.

# NUUS



## Europa skep winste met grootter varkveis vraag

Met die ASV (African Swine Fever) virus wat die Chinese varkveisemark onder hewige druk plaas, skiet pryse in in Europa die hoogte in. Europa is China se grootste varkveis verskaffer en met die vraag wat nou toeneem het pryse tot 'n 5-jaar hoogte in Europa gestyg. Die groter vraag vir Europese varkveis is as gevolg van invoertariewe van China op VSA produkte, asook die staking van varkveis invoere vanaf Kanada na China.

Meer kan gelees word by:

<https://www.bloomberg.com/news/articles/2019-07-02/europe-s-pig-farms-are-biggest-winners-as-china-clamors-for-meat>



## VSA aanplantings oortref verwagtinge

Volgens die USDA verslag wat verlede week vrygestel is, het die Amerikaanse produseerders 37.1 miljoen hektaar geplant, dit is 'n 3% groei jaar-op-jaar vir mielies. Die verslag het handelaars en ook boere se verwagtinge oortref en kom voor asof omstandighede in Amerika heeltemal verkeerd opgesom was.

Sojabone aanplantings het gedaal met 10% jaar-op-jaar na 32.4 miljoen hektaar. Die groter mielie aanplantings het CBOT pryse laat daal. Die prys van 1 ton mielies in Amerika staan nou op US\$ 192. Dit is wel nie so laag soos wat verwag was nie aangesien die prys steeds 16% hoër is as verlede jaar 2 Julie 2018.

Meer kan gelees word by:

<https://wandilesihlobo.com/2019/07/03/thoughts-on-the-u-s-maize-market/>



## Winterreënval gebiede kan nóg reën verwag in Julie

Goeie reënval in die winterreënval gebiede asook sneeu het dele einde Junie maand getref. Volgens mnr Johan vd Berg kan die winterreënval streke steeds goeie reën verwag danksy 'n swak El-Nino stelsel wat nog teenwoordig is. Hy voorspel daar is steeds kans vir goeie reënval tot in September. Dele wat geaffekteer kan word sluit in, Wes-Kaap, Suid-Kaap en ook dele in die suide van die Oos-Kaap.

Meer kan gelees word by:

<https://www.netwerk24.com/landbou/Nuus/julie-kan-nog-goeie-reen-bring-20190702>




# OPSOMMING

- Die VSA het laasweek droër omstandighede ervaar en goed gevorder met hul aanplantings. Die week se voorspelling dui egter die moontlikheid van verdere nat omstandighede aan wat 'n negatiewe impak kan hê op aangeplante graan wat reeds teveel water gehad het en sodoende die opbrengste kan affekteer.
- Lokale geelmielies handel tans op die Kaapse invoer pariteit wat die kommoditeit as goed geprys in die internasionale markte beskryf. Dit sal opwaartse beweging beperk, aangesien dit goedkoper sal wees om geelmielies in te voer indien die SAFEX vlakke bo die invoer pariteit beweeg.
- Die USDA verslag het alle verwagtinge oortref en groter aanplantings geskat vir mielies, wat die CBOT prys laat daal het en so ook lokale markpryse onderdruk geplaas het. Dit lyk egter nie of die mark die syfers glo nie, aangesien die pryse op die mark nie sterk dalings aangedui deur pariteite.



## Lang "put" opsie



### Produsent koop 'n "put" opsie.

Die "put" opsie verskaf 'n minimum prysvlak aan die produsent, wat die produsent die reg gee om die produk teen die minimum vlak te lewer, maar is nie verplig nie.

Indien die prys van die onderliggende kommoditeit van die "put" opsie afwaarts beweeg, kan die produsent die die produk teen die minimum vlak lewer.

Indien die prys hoër as die minimum vlak handel, kan die produsent sy opsie verkoop of laat verval en sy produk teen 'n hoër vlak verkoop.



Oppe marketing A13175/SAGT

Vandag se volhoubare boerdery is gebou op die grondslag wat ons oupas, hulle pa's en Kynoch gelê het. Nou, na meer as 'n eeu en met hernude energie, bou Kynoch hierop voort om 'n steeds volhoubare toekoms vir toekomstige generasies te help skep.

Derhalwe het ons ons fokus verder verskerp om onder andere produkte te ontwikkel wat ons produsente voorsien van innoverende tegnologieë wat die werking van bemesting en gewasse verbeter.

Met ons visie om die Kynoch-handelsnaam en -voetspoor in Suid-Afrika en suidelike Afrika uit te brei en die voorste verskaffer van volhoubare plantvoedingsoplossings te wees, gaan ons die toekoms vol vertroue tegemoet.

Skaar jou dus gerus by die voorste invoerder, vermenger en kleinhandelaar van die mees uitgebreide reeks kunsmisprodukte in suidelike Afrika ... want in 110 jaar het ons nog nooit op ons louere gerus nie ... intendeel, ons gryp voortdurend verandering en innovasie aan, want dit is wat ons op die voorpunt hou.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**

011 317 2000 | [info@kynoch.co.za](mailto:info@kynoch.co.za) | [www.kynoch.co.za](http://www.kynoch.co.za)

Nie handeldrywend in die Wes-Kaap nie.





“Don’t judge each day by the  
harvest you reap but by the  
seeds you plant”

– Robert Louis Stevenson

# KONTAK ONS



Tel: +27 (0) 13 243 1166

E-pos: [info@randagri.co.za](mailto:info@randagri.co.za)

Web: [www.randagri.co.za](http://www.randagri.co.za)

Adres: 24 Samora Machel Straat,  
Middelburg, Mpumalanga

